UMOYA ENERGY
Empowered by Nature

FEBRUARIE 2019
# NUUSBRIEF



## UMOYA ONDERSTEUN DIE WESKUS SE **OPKOMENDE BOERE**




Die Umoya Energy-windkragaanleg verskaf nou befondsing en mentorskap aan die Theewatersvlei-boerdery. By Theewatersvlei word daar met graan soos koring, hawer en wolfsboontjies (lupien) geboer. Die koring word kommersieel verkoop. Danksy nuwe masjinerie, wat met behulp van befondsing aangeskaf kan word, sal die plaas sy produksie en omset kan verhoog.

*“Danksy befondsing kan 'n stroper nou vir die boerdery aangeskaf word. Dit is belangrik vir die volhoubare opheffing van die plaas en sal oor die langtermyn die boerdery tot voordeel strek terwyl ons ter selfde tyd ook 'n verskil in die gemeenskap maak,”* sê *Freddie Papier.*





## VROEËKINDERONTWIKKELINGSWERKERS MET VAARDIGHEDE **TOEGERUS OM OUERS BY TE STAAN**

Ouers word opgelei om speelgroepies in hul plaaslike gemeenskappe te fasiliteer sodat hulle jong kinders vir skool kan voorberei.

Die opleidingswerkswinkels fokus op verskeie belangrike onderwerpe wat met die welstand van kinders en die rol en verantwoordelikheid van ouers verband hou. Ouers wat die werksessie bygewoon het is met sertifikate beloon.

# UMOYA WIL **ONDERSTEUNINGSPROGRAMME UITBREI**

Die Umoya Energy-windkragaanleg wil sosio-ekonomiese inisiatiewe waarby hy betrokke is na plaaslike gemeenskappe binne 'n 50km radius van die windkragaanleg uitbrei.

Studies word gedoen om te bepaal waar in die Saldanhabaai-munisipaliteit, Bergrivier-munisipaliteit asook die Swartland-munisipaliteit hy die grootste verskil kan maak ten opsigte van langtermyn ontwikkeling.



*"Die studie sal ons help om te verstaan watter behoeftes daar binne gemeenskappe bestaan en ons help om 'n ingeligte besluit te maak oor watter projekte ons moet aanpak as ons 'n tasbare en volhoubare verandering te maak en ons impak in die gebied wil vergroot."*

# HOPEFIELD-HUISE KRY 'WONDERBAGS' **DANKSY HUISVERBETERINGSPROJEK**




*"Die sogenaamde 'Wonderbag' is 'n handige en kleurvolle toevoeging tot elke huis. Die draagbare sak is ontwerp om hitte vir lang tydperke te behou en kan gebruik word om kos wat tot kookpunt gebring is vir ure lank te laat prut. Die uitvindsel help om energie en tyd te spaar. Dit is in lyn met ons doelwit om huise meer energiedoeltreffend te maak."*

Die tweede fase van die huisverbeteringsprojek in Hopefield is pas voltooi. Die huise sal elk 'n "Wonderbag" - 'n draagbare uitvindsel wat amper soos 'n nie-elektriese prutpot werk – ontvang.

Teen die einde van Desember 2018 het ons reeds pype by 137 huise verbeter, elektrisiteit by 236 huise verbeter en dakke by 215 huise geïnstalleer.

# NUWE STUDIEBEURSE **TOEGEKEN**



*Zulcke Cleophas*

Umoya Energy het altesaam nege studiebeursaansoeke ontvang. Die volgende aansoekers was suksesvol en word sterkte toegewens met die jaar vorentoe:

- Joharron Linnert van Hopefield studeer vir 'n B.Ed.-onderwysgraad (Senior- en Verdere Onderwys en Opleidingsfase) aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie in Mowbray.
- Zulcke Cleophas van Hopefield doen haar BTech-graad in verpleegkunde aan die Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie in Worcester.
- Karli Frieslaar van Hopefield wil 'n sjef word en studeer vir haar QCTO- kwalifikasie aan die Weskus-sjefskool.

# HOLVLEI PRIMÊRE SKOOL BESOEK DIE **WORLD OF BIRDS**




Umoya Energy het die **Holvlei Primêre Skool** se jaarlikse **uitstappie na die World of Birds-voëlpark** moontlik gemaak. Die besoek is **afgesluit met 'n bootrit na Robeiland.** Die leerlinge het 'n wonderlike tyd gehad en baie geleer!

## 2019 **GEMEENSKAPSVERGADERINGS**

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op kennisgewingsborde aangebring word.

# VIERDE KWARTAAL / 2018
## BESTEDING AAN EKONOMIES ONTWIKKKELING




Umoya Energy Plaaslike Kantoor
26 Voortrekkerstraat, Hopefield

**Kantoorure:**
Maandag – Donderdag: 08:00 – 17:00
Vrydag: 08:00 – 14:00

**Tel:** +27 22 723 0022

**Bestuurder van Gemeenskapsoperasies**
Amber Zeeman
amber.zeeman@umoyaenergy.co.za